# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

# Bedryf- en organisasiesielkunde 219 (BDO 219)

| | |
|---|---|
| **Kwalifikasie** | Voorgraads |
| **Fakulteit** | Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| **Modulekrediete** | 16.00 |
| **Programme** | BCom Ekon en Bestuurswetenskappe |
| | BCom Kommunikasiebestuur |
| | BCom Menslikehulpbronbestuur |
| | BCur Verpleegkunde (Onderrig en Administrasie) |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | BDO 110 GS, 120 GS |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Beide Afr en Eng |
| **Akademiese organisasie** | Menslikehulpbronbestuur |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Groepsgedrag en leierskap Hierdie module fokus op organisasiegedrag met spesifieke verwysing na die beginsels van groepsgedrag en die rol van werkspanne in die organisasie. Daar word spesifiek gefokus op groepsontwikkeling, -interaksie, -strukture en -prosesse asook die bevordering van spanprestasie in organisasies. Leierskap en die invloed van mag en politiek in die organisasie word bestudeer. Die funksie wat leierskap in individuele, groeps- en taakgerigtegedrag vervul, word toegelig. Organisasiegedrag Die gedragsbasis vir organisasiestrukturering en -ontwerp word in die module bestudeer. Organisasiekultuur as ‘n belangrike faset van ‘n organisasie word toegelig. Die dinamiek en benaderings tot organisasieverandering word behandel. Daar word spesifiek gefokus op die rol van veranderingsagente, weerstand teen verandering en organisasie-ontwikkeling. Kontemporêre vraagstukke met betrekking tot organisasieverandering word prakties toegelig.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.